## GAP Nuus – Desember 2023

GAP MINISTRIES

Vriende ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus, ons verlosser!

### 2023 Tydlyn

Dit was 'n baie warm dag in Februarie toe ons ons vorige huis se sleutels afgegee het aan die Kerk in De Mist. Die weerpatroon het die belofte ingehou van nog 'n droë en stowwerige jaar. Ons was nog besig om uit te pak toe 'n klompie voorbidders saam met ons 'n Saterdag oggend aan die voet van 'n leë Groendal Dam gaan bid het dat die Here ons die jaar sal genadig wees. Dit was 'n Sondag middag vroeg in Maart, na Sugnét die oggend gepreek het, en terwyl ons saam met vriende om die kombuis tafel sit en kuier, dat die weerlig die kerk se toring tref dat die duiwe op die toring se vere gewaai het. Later die middag sak 'n duim reën uit en kom daar 'n waterval by die pastorie se trappe af. Die Here hoor ons as ons ons voor Hom verootmoedig. Huppelkind het met 'n gewoel weggetrek en teen die tyd het die kinders begin om met mekaar te baklei, en was die eerste oueraand al agter die rug. Daar was groot planne vir die jaar en hoe om die vrede te bewaar!

Vroeg in Maart het almal asems opgehou om te sien wat gaan word van die "national shutdown". Gebedsgroepe is gemobiliseer om te bid sodat almal net hulle gang kon gaan. Die Here was ons genadig. Maar die vrede was van korte duur of die verpleeg personeel van die Hospitale besluit dat dit hulle beurt is vir hulle eie "shutdown". Met die vure wat hoog gebrand het voor Provinsiale Hospitaal, en met die ouers van Laerskool Handhaaf wat moes koes het die "Fraternal" om die Hospitaal begin "prayer walk". Die vure is geblus en na die ouers die gemors opgeruim het, het die vrede weer neergedaal. Daar is krag in korporatiewe gebed. Met meeste van ons goed wat uitgepak is, en die sitkamer wat in 'n bovertrek ingerig is, het ons begin met 'n maandelikse oproep tot gebed vir herlewing. Met 'n bont verskeidenheid van mense kom doen die Here elke keer iets anders en was Sylvia se gebedsbyeenkoms in die stadsaal op Vrouedag 'n hoogtepunt.

Met die dae wat begin koeler raak, het ons saam met 'n gebedsgroep van Ebeneazer Kerk in die Baai 'n paar keer gaan bid daar op Gumdale vir meer duidelikheid oor wat die Here daar wil doen. Dit was lekker om nog 'n paar ore en harte by te kry en kon ons een Saterdag oggend ons stories vertel aan hulle leierskap wat met baie insig geluister het. Ons kon weer bevestiging kry van die DNA wat in die stukkie grond vasgelê is. Op 14 Mei sak 4 duim reën uit en word 'n baie nat winter ingelui. Die baie reën het Elandsrivier in 'n modderbad verander en het ons gery en gegly om bo in die vallei by die kerkie uit te kom. Dit was lekker om al die vuil bakkies te sien wat opgedaag het vir 'n diens. Sugnét het begin skuiwe maak om na 7 jaar die verantwoordelikheid te begin oorgee aan die kerk se werkgroep.

Met die stroom van gebruikte geestelike leesstof wat ons uit verskillende oorde ontvang het kon ons hier in die middel van die winter ons derde boektafel vir die jaar daar in Markstraat hou met die hulp van Cynthia en Debbie. Soos gewoonlik verdwyn die gebruikte Bybels in 'n oogwink en dan die boeke, en sal die mense se stories oor wat dit vir hulle beteken ons lank bybly.

Met die wat ons in die skaduwee van die kerk ingetrek het, het ons bietjie nader geskuif aan alles wat in die gemeente gebeur en het ons meer deel geword van die reis waarop die gemeente is. Dié reis is baie visueel en het ons hier vanuit die werkswinkel in die buitekamer gehelp om dit op 'n praktiese manier voor in die kerk uit te beeld. Die klem is op die "saam" en was dit lekker om ander se stories te hoor, en jou eie storie te vertel oor waar jy op jou reis met die Here is. Hier teen die middel van die jaar het John Gertze, die "Fraternal" voorsitter begin geluide maak dat hy dalk Uitenhage gaan verlaat nader aan die einde van die jaar. Dit was nie 'n goeie vooruitsig nie omdat ons so lekker saamgewerk het rondom veral gemeenskapsprojekte, en ons "Fraternal" se "task team" gereeld by mekaar kon stoom afblaas. Die Julie vakansie was 'n welkome rus en met die kinders by Huppelkind wat die snotseisoen beleef het was dit genade dat ons self nie siek geword het nie. Dit was 'n baie koue en nat Sondag oggend in die vakansie wat Sugnét gepreek het in Sunridge Park gemeente in die Baai. Die "ouetehuis" was op hulle pos en teenwoordig, en was ons bemoedig deur die

toegewydheid en toeganklikheid van so baie gelowiges wat Sondag na Sondag, orals waar mens gaan die Here se aangesig bly opsoek het. So ook by Sondagsrivier die week daarna. Hier teen die einde van die vakansie het ons saam met TCN die kerkleiers in Kwanobuhle bymekaar gekry vir 'n netwerk byeenkoms. As Trevor, ons TCN koördineerder, by is weet ek nou al die ander kry min kans om te praat maar die keer het hy gretig geluister na almal se stories en uitdagings. Die eerste prys is altyd die saamwees, saam luister en saambid. Dit is hier waar die Helige Gees  begin werk, en genesing en versoening bring. Die planne wat daarna kom is die bonus. Dit was nog elke keer so!

Die derde kwartaal het met 'n spoed begin en Huppelkind het tussen pampoene en waterpokkies probeer oefen vir hulle konsert. Die winter was baie kouer, natter en langer die jaar. Afgesien daarvan dat die gemeente op reis is, is die NG Kerk ook op reis, en wel op 'n ander manier. Hulle noem dit "In Pas". So woon ek die werkswinkel by Hoogland by saam met die gemeente se bestuursraad vroeg in Augustus, om meer in pas te kom. Dit is eintlik al 'n strategie wat ons, en die gemeente al vir jare mee besig is naamlik om gewone lidmate, of dan nou gelowiges, te mobiliseer om daar waar hulle is elke dag, 'n getuienis te wees en 'n verskil te maak. My "take-away" was dat ek moet fokus orals waar ek kom elke dag, op dit wat die Here doen, en my daarin verbly, en nie dit wat die duiwel doen nie, en my daaroor verknies nie. Die Here is orals aan die werk, selfs in die donkerste plekke. Ons laaste "Bible School on Wheels" kursus die jaar het ons ook ingeprop hier in Augustus met die onderwerp "The Testing of Your Faith". Ons was 'n rekord getal die keer en moes ons 'n ekstra oggend inruim om dit klaar te maak. Augustus se stadswye kerkleiers ontbyt, die keer by die NG kerk in Kragga Kamma was vir my die jaar se hoogtepunt van die byeenkomste. Ek kon nie die Pastoor se naam onthou nie, maar sy kragtige getuienis oor hoe die Here hom gered het uit 'n lewe van drank, dwelms en geweld in 'n township anderkant Oos-London was 'n inspirasie. Die Here werk inderdaad op die donkerste plekke. Dit was deur die loop van die nag van 29 September dat die water oor Kouga dam se wal begin drup het na 7 jaar se droogte. Mense het die persentasie wat die dam vol was afgetel en kon mens hoor hoe slaak almal 'n sug van verligting. Die Here is goed!

Die Oktober vakansie "stream" ons die "International Prayer Counsel" se "World Prayer Assembly" vanuit Australië in die vroeë oggend ure. Dit was ook die "Watchmen School of Prayer" in die Kaap en 'n hele paar ander internasionale gebedsinisiatiewe daardie week. 'n Dag of twee daarna, op 7 Oktober breek die hel los in die Midde-Ooste en lui dit die polarisasie van lande in soos ons dit nog nooit gesien het nie. Kyk mens verby die opskrifte is die stryd tussen lig en duisternis al hoe duideliker. 'n Stryd wat ons ook in Suid-Afrika, veral volgende jaar gaan beleef. Die laaste kwartaal was baie vinnig en het dit die hele jaar vir ons op sy kop kom keer. Vroeg in November woon ons my 43 jarige skool reűnie in Pretoria by en kon ons in mekaar se leed, terleurstellings en vreugdes deel. Almal het besef dit is net genade dat mens nog daar is. Huppelkind se eindjaar funksies en die voorbereidings vir die kersmark was in volle swang toe ons op 17 November, op Sugnét se verjaardag, die slegte nuus kry dat my jonger broer, Chris, op George oorlede is.  Dit was onverwags en die beste mediese intervensies van die voorafgaande twee weke het nie soos almal gehoop het, die gewenste uitwerking gehad nie. Ons familie en sy gesin se lewens het skielik tot stilstand gekom en vir 'n oomblik was alles net 'n waas. Chris se lewensmotto, daar is werk om te doen, het almal weer tot aksie laat oorgaan en het die familie op George, en ons hierdie kant, weer weggespring om alles waarmee ons besig was klaar te maak voor die jaar om is. Die familie op George het ingespring om hulle besigheid aan die loop te hou tot die einde van die jaar wanneer al hulle funksies afgehandel is. 'n Gedenkdiens word vir vroeg in 2024 beplan. Volgende jaar begin met die beplanning van die Besoek van die OM-skip, die "Logos Hope", aan die Baai.

Ons is bevoorreg om ons 2 ma's by ons te hê vir Kersfees en Pieter en Megan wat hulle eerste Huweliksherdenking die week gevier het. Eldi en Johan het nie verlof nie en vier Kersfees in 'n baie warm Kimberley. Baie dankie aan ons familie, gemeente, selgroep, en al ons vriende se ondersteuning die afgelope jaar. Daar is geen manier hoe ons dit sonder julle kan doen nie.

Ons wens elkeen van julle 'n baie geseënde Christusfees toe.
Baie blessings!
Pierre en Sugnét